

## *Aktiwiteit 1*

1. Skryf 'n eenvoudige definisie van 'n PLB neer.
2. Verduidelik waarvoor die afkorting PLB staan.
3. Baie industrieë maak van PLB'e gebruik – noem twee industrieë wat PLB'e gebruik.
4. Wat was die hoofrede vir die instelling van PLB'e in die vroeë 1960's?
5. Skryf die hoofkomponente van 'n eenvoudige PLB neer.
6. Met behulp van 'n eenvoudige blokdiagram, verduidelik die hoofkomponente van 'n eenvoudige PLB.
7. Wat is die hoofvoordele van die gebruik van die PLB in vergelyking met hardbedrade logiese relê's?
8. Met behulp van 'n eenvoudige blokdiagram, verduidelik hoe 'n PLB-instruksie uitgevoer word.
9. Skryf in jou eie woorde die definisie vir 'n PLB-logikaprogram neer.
10. Noem die twee basiese tipes instruksies van 'n leerlogikadiagramme en verduidelik ook die funksie van elke instruksie.
11. Teken die leerlogikasimbole vir die volgende:
  - 'n Normaal geslote kontak
  - 'n Spoel
12. Noem DRIE programmeringsmetodes wat in programmeerbare logikakontroleerders gebruik word.
13. Die volgende operande word gebruik in die programmering van programmeerbare logikakontroleerders. Skryf TWEE voorbeelde van elk neer.
  - Insette
  - Uitsette
14. Waarom is dit belangrik om al die komponente in 'n leerdiagram te noem?
15. Teken die logiese simbool, waarheidstabel asook 'n leerdiagram vir 'n NEN-hek.